## Uitnodiging na Predikantekonferensie 5 – 7 Maart 2007

# *'IN TYE SOOS DIÉ …'*

Liewe Vriende in die Here

Ons volgende Predikantekonferensie in Suid-Afrika word beplan vir D.V. **5 – 7 Maart 2007**, vanaf Maandagaand tot Woensdagaand. Ons moedig u aan om hierdie uitnodiging biddend te oorweeg – vir uself, u gade en enige kollegas in die Here se diens.

Die tema ***'In tye soos dié …'*** is doelbewus gekies as gevolg van die oorkoepelende aard daarvan vir ons huidige geslag en die dringende behoefte aan voorwerpe tot eer (2 Tim 2:21) wat deur God die Heilige Gees in staat gestel word om met vrymoedigheid die lig van Sy waarheid te verkondig te midde van die toenemende duisternis. Dit is ons gebed dat hierdie konferensie tot hierdie doel sal bydra, tot eer van die Here.

As u in enige vorm van Christelike bediening betrokke is, is die 2007 KwaSizabantu Predikantekonferensie vir u! 'n Klompie uitgesoekte Godsmanne van integriteit is as sprekers uitgenooi.

**SPREKERS:**

'n Paar van die sprekers wat die uitnodiging reeds aanvaar het, is:

| | |
|---|---|
| Philip **BELL** | *Hoof Uitvoerende Beampte, 'Creation Ministries International' (Verenigde Koninkryk / Europa)* |
| Rev Ernest **MCAMBI** | *Direkteur van Trans-Wêreld Radio Zoeloe-bediening; Predikant van Umlazi Baptiste Kerk; President van die Baptiste Unie in KwaZulu-Natal* |
| Rev Phillip **MOLEFE** | *Kapelaan van die Vaal Universiteit van Tegnologie; Biskop van CCCI* |
| Dr Gerard **OLIVIER** | *NG predikant van Patmos gemeente, Port Elizabeth; Nuwe Testamentikus; Bybel-vertaler (in Makhua Xirima, 'n Noord-Mosambiekse taal)* |
| Past Leonard **SANKEY** | *Prediker van 'Faith Mission Church' in die VSA; Algemene Sekretaris, 'Interchurch Holiness Convention'* |

Meer besonderhede en bevestiging van ander sprekers sal mettertyd beskikbaar word en sal op ons webblad verkrygbaar wees. Indien u die eerste wil wees om nuwe inligting oor hierdie 2007-Konferensie en ander konferensies in die toekoms te ontvang, stuur 'n leë e-pos aan ons by ksbmins-list-subscribe@kwasizabantu.com.

Laat ons asseblief so gou moontlik weet of u kan kom – per brief, telefoon, faks of e-pos (sien kontakbesonderhede op die briefhoof). Meld die name van almal wat wil kom, en spesifiseer mans, dames en egpare. 'n Aanlynregistrasie-opsie is ook op ons webblad geskep by www.kwasizabantu.com. U kan ook ons e-posadres gebruik vir navrae: ministersconference@kwasizabantu.com.

Verblyf en voedsel sal voorsien word. Ons wil net vra dat u u eie beddegoed saambring, indien moontlik. Ons sal u graag behulpsaam wees met vervoer vanaf die Durbanse lughawe / stasie / bushalte. Laat ons gerus weet wanneer en waar ons u kan afhaal.

Ons sien daarna uit om van u te hoor.

In Sy diens

Erlo Stegen
DIREKTEUR: KWASIZABANTU SENDING

***"… die Issaskarstam, die mense wat die tekens van die tye verstaan het en geweet het wat Israel te doen staan …" (1 Kron 12:32)***

***"Maar [Jesus] antwoord hulle: In die aand sê julle: 'Daar kom mooi weer, want die lug is rooi;' in die môre sê julle: 'Vandag sal dit onweer wees, want die lug is dynserig rooi.' Julle weet hoe om die voorkoms van die lug te beoordeel, maar die tekens van die tye kan julle nie onderskei nie." (Matt 16:2-3)***
***"En die koning het aan die wyse manne, die kenners van die tye, gesê …" (Ester 1:13)***